REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

# HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID AFRIKA

## MEDIA-OPSOMMING VAN UITSPRAAK IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPEL

| | |
|---|---|
| **VAN** | **Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl** |
| **DATUM** | **31 Maart 2006** |
| **STATUS** | **Onmiddellik** |

**Neem kennis dat die mediaverklaring vir die media bedoel is en nie deel van die uitspraak vorm nie**

***JOHANNES JOUBERT EN ANDERE v BENEDE BLYDERIVIER WATERGEBRUIKERSVERENIGING EN 'N ANDER***
**(Saaknommer 189 / 05)**

## Mediaverklaring

Reeds vir baie jare onttrek besproeiingsboere water uit die Jonkmansspruitkanaal. Die kanaal word uit die Blyderivier gevoed vanwaar water uit 'n staatswaterwerk in die kanaal uitgekeer word.

Sedert 1987 word die onttrekking van water uit die rivier gereguleer deur 'n kennisgewing uitgevaardig deur die Minister van Waterwese wat die maksimum hoeveelheid wat jaarliks uit die staatswaterwerk geneem mag word (9 900 $m^3$ per hektaar) bepaal.

'n Geskil het tussen die appellante, sommige van die besproeiingsboere langs die Jonkmansspruitkanaal, en die Benede Blyderiviergebruikersvereniging ontstaan oor die punt waarby die maksimum toelaatbare hoeveelheid water gemeet moet word. Die boere hou vol dat hulle bestaande watergebruik, wat wetlik beskerm word, hulle geregtig maak om die vasgestelde hoeveelheid water by elkeen se plaassluis gelewer te kry. Die Watergebruikersveniging voer aan dat die lewering by die punt van onttrekking uit die Blyderivier gemeet moet word. Die verskil is aansienlik aangesien die Jonkmansspruitkanaal oud en vervalle is en baie water in die leweringsproses verlore gaan.

Die boere se aansoek in die Pretoria Hooggeregshof het misluk. Hulle appèl na hierdie hof het ook nie geslaag nie. Hierdie hof het bevind dat die volume water wat gelewer mag word by die punt van onttrekking uit die staatswatergewerk gemeet moet word en dat daar geen verpligting op die Watergebruikersvereniging rus om die maksimum neergelegde hoeveelheid by elke boer se plaas af te lewer nie.

**---eindig ---**